

Oktober
1958

K O E R S

DEEL XXVI.

NOMMER VIER

Is Desimalisasie Geregverdig?

Alhoewel die Suid-Afrikaanse regering hom in beginsel ten gunste van die oorskakeling van ons f.s.d.-stelsel na 'n desimale stelsel uitgespreek het, is die uiteindelijke beslissing aan die volk oorgelaat. Ons moet dus tussen twee geldstelsels kies en dit is geen vreemde keuse nie — 'n keuse waarvoor elke ontwikkelende volk met 'n eie nasionale strewe op een of ander stadium te staan kom. Voordat ons egter kan besluit moet ons presies weet waarvoor ons besluit. Wat behels die oorskakeling na 'n nuwe geldstelsel eintlik?

Die beste wyse om 'n antwoord hierop te gee is om te kyk wat die funksies van geld presies is, welke van hierdie funksies deur 'n omskakeling geraak sal word en wat die konsekwensies hiervan sal wees.

In die eerste plek is dit 'n funksie van geld om as ruilmiddel te dien. Hierdie funksie is geleë in die fundamentele eienskap wat aan enige geldsoort verbonde is, nl. dat dit algemeen aanvaar word in ruil vir goedere en dienste wat nodig is vir die gerief en lewensbestaan van die mens. Hierdie funksie van geld was ook eintlik ver-

antwoordelik vir die ontstaan van geld. Selfs in die primitiefste volkshuishouding het die begeerte bestaan om goedere te ruil, om die individu in staat te stel om meer van sy lewensbehoefes te bevredig. Enige iets wat algemeen aanvaar sou word binne 'n betrokke gemeenskap kan diens doen as geld. Die vroegste vorms van geld het hulle algemene aantreklikheid hoofsaaklik te danke gehad aan die feit dat dit as ornamente diens kon doen. So was die eerste vorm van geld waarskynlik 'n seeskulp. Terloops kan net gemeld word dat skulpe teen die einde van die vorige eeu nog as 'n wettige betaalmiddel onder die inboorlinge aan die Weskus van Afrika gebruik is. Behalwe skulpe het geldsoorte gewissel van die kopbeen van 'n bepaalde soort houtkapper tot rum. Verder is daar onder andere gebruik gemaak van die vere van 'n bepaalde soort voël, krale, komberse, onverwerkte pels, beeste (fooi word bv. bestempel as 'n afleiding van die Duitse vied wat beeste beteken), skilpaddop, landbou-instrumente en messe. Veral in die Ooste was die mes baie algemeen en het dit aanleiding gegee tot die slaan van munte wat die

mes moes simboliseer gedurende die 12de eeu v.C. Die lemme van die mes-simbole het steeds korter geword totdat omstreeks 200 v.C. die, vandag bekende, ronde Oosterse munt met die vierkantige gat daarin oorgebly het. Verder is reeds so vroeg as die 5de eeu v.C. in Kartago van die eerste vorm van note gebruik gemaak. Wat verder interessant is, is dat metaal aan die begin nie gebruik is as munte nie maar dat dit volgens gewig diens gedoen het, bv. in oud-Egipte. Later is dit gestempel met 'n bepaalde seël om die egtheid van die metaal aan te toon, en mettertyd het die stukke met hierdie stempels daarop steeds kleiner geword totdat in die ou Griekse beskawing met die slaan van munte begin is. Hierin het Korinthe die leidende plek ingeneem. Nogtans het goedere soos suiker, sout, melasse, indigo en rys tot betreklik onlangs nog 'n prominente rol as geld gespeel.

Enige iets wat dus algemeen aanvaar kon word, wat relatief skaars, populêr en likwied van aard was en wat maklik bewaar kon word, kon diens doen as geld. Geen wonder dat selfs bier tot die verhoogde status van betaalmiddel opgehef is nie. 'n Kommissie van ondersoek wat die bruikbaarheid van hierdie betaalmiddel in die Britse steenkoolmyne in die vorige eeu moes vasstel het as volg gerapporteer: „This currency is very popular, highly liquid, but is issued to excess and is difficult to store”

Omdat die ruilmiddel-eienskap, soos uit die voorgaande duidelik blyk, inherent aan enige vorm van geld verbonde is, raak die omskakeling nie dié funksie nie

Behalwe ruilmiddel is geld egter ook by uitstek rekeneenheid. Die funksie van rekeneenheid kan onderverdeel word in dié van berekeningseenheid, wat bv. in die boekhouding gebruik word, en dié van gemeenskaplike waardenoemer, wat ons in staat stel om die ruilwaarde van goedere en dienste uit te druk. Geld as gemeenskaplike waardenoemer is dus enige grootheid waarin, binne 'n bepaalde gemeenskap, die ruilwaarde van goedere en dienste uitgedruk word en daarom word hierdie funksie ook nie direk deur die omskakeling geraak nie. Die enigste funksie wat dus wel direk geraak word is geld as berekeningseenheid.

Al waarmee die omskakeling dus direk gemoeid is, is die afweging van die voor- en nadele van die verskillende geldstelsels as berekeningsmiddel — as aanduiding van pryse.

In dié verband kan ons nou kyk na die aard van die nuwe geldstelsel wat aan ons voorgehou word. Na 'n tweejarige bestudering van die vraagstuk van desimalisasie het die desimale-muntkommissie gedurende die afgelope parlementêre sitting aan die parlement verslag gedoen — 'n verslag waarmee hulle gelukkigewens moet word — en ook 'n aantal aanbevelings gemaak.

Die kommissie beveel aan dat die regering so spoedig moontlik moet besluit om die f.s.d.-stelsel te laat vaar in ruil vir 'n desimale geldstelsel met 10/- as basiese eenheid in die plek van die huidige £ en met die 10/- onderverdeel in 100 sente sodat 'n sent ietsie meer as 'n pennie werd sal sal wees, met 10 sent per sjieling en verder met die behoud van al ons silwermunte teen

hulle huidige waarde behalwe die halfkroon, wat heeltemal moet verval. Verder moet een-sent, half-sent en kwart-sent bronsmunte geslaan word wat by benadering moet ooreenstem met die waarde van die pennie, halfpennie en kwartpennie

Die vraag is dus nou of hierdie desimale stelsel vir ons 'n beter rekenmiddel sal wees as ons huidige fs.d.-stelsel. Oor die antwoord is daar waarskynlik in breë trekke eenstemmigheid by bykans alle groepe, want enige desimale stelsel is vir berekeningsdoeleindes baie eenvoudiger as enige ander stelsel. Bowendien is hierdie stelsel maklik omrekenbaar in terme van die huidige stelsel sodat ons nie nodig sal hê om 'n groot aanpassing in ons waarde-begrip te kry nie. Ons sal maklik tuis raak met die nuwe stelsel.

Besware wat aangevoer word is dat ons dit vir onself moeilik maak om met ons grootste kliënte-groep — die res van die sterlinglande — handel te dryf. Dit is egter geen belangrike beswaar nie, omdat ons geldeenheid vandag tog nie presies vir pariteitswaarde geaksepteer word nie en daar dikwels baie moeilike wisselkoersberekeninge gemaak moet word. Bowendien het alle lande vandag ondervinding met desimale geldstelsels en dit behoort ons dus nie tot nadeel te strek nie. Daar bestaan egter oor twee belangriker sake meningsverskille en dit is eerstens oor die vraag of die 10/- wel die geskikte hoofeenheid sal wees en of ons nie liever die £ as hoofeenheid moet behou en dit dan in 100 sente moet verdeel nie; ten tweede die vraag

of ons nou met die nuwe stelsel moet begin of eers later.

Uit 'n totaal van 63 belangegroepe wat hulle menings hieromtrent aan die kommissie gegee het, is 7 ten gunste van die £ as hoofeenheid en hulle sterkste argument is waarskynlik dat omskakeling van bestaande rekords en kontrakte vanaf 'n £ basis na die nuwe eenheid nie nodig sal wees indien die £ as eenheid behou word nie. Dit geld egter alleen vir bedrae in volle ponde en nie vir sjielings en pennies nie. Bowendien is dit moontlik om hierdie probleem te omseil deur nie die betrokke kontrakte te verander nie maar deur slegs kragtens wet te bepaal wat die waarde van die huidige geld in terme van die nuwe geld moet wees, sodat die kontrakte in die nuwe geld nagekom kan word sonder verlies vir enige party en sonder verbreking van die regsgeldigheid van die kontrak.

Die tweede meningsverskil berus daarop dat sommige nyweraars meen dat ons eers later met hierdie oorskakeling moet begin, omdat ons nie nou die tegniese personeel en kapitaal kan spaar om met die omskakeling van die verskillende monetêre masjiene behulpsaam te wees nie. Kom ons kyk net wat die syfers is wat hierby gemoeid is. Die koste verbonde aan die omskakeling vir die Staat — en dus die totale direkte koste wat die Staat betaal vir die omskakeling — word beraam op ongeveer £9 miljoen, versprei oor vier jaar. Teenoor 'n algemene staatsuitgawe-program van meer as £450 miljoen per jaar is dit maar 'n druppel aan die emmer. Hierdie bedrag is hoofsaaklik met die doel om bestaan-

de £.s.d.-masjiene soos kontantregisters, boekhoumasjiene, petrolpomp-uitrusting ens. oor te skakel op 'n desimale basis. Verder word daar beraam dat ongeveer 70 opsigters, 360 masjien-werktuigkundiges, 120 administratiewe personeel en 100 nie-blanke ekstra in diens geneem sal moet word om hierdie oorskakeling tegnies moontlik te maak. Onder huidige omstandighede is dit ook geen noemenswaardige persentasie van die arbeidskrag wat tans in diens is nie. Bowendien ondervind ons tans 'n verslapping in die vraag na arbeid, sodat dit miskien juis nou die gewenste tyd is om met die stelsel te begin. Wat meer is, hoe langer ons wag hoe hoër word die koste van omskakeling, en uitstel sal waarskynlik uiteindelik noodgedwonge tot afstel lei. Per slot van sake sal die betalingsbalans ook nie baie beïnvloed word deur die oorskakeling nie, want na verwagting sal slegs £3 miljoen ekstra valuta nodig wees om die omskakeling moontlik te maak teenoor die gewone jaarlikse £400 tot £500 miljoen wat nodig is vir invoere.

Indien ons tot omskakeling sou besluit, wat vrywel seker is, word aanbeveel dat die nuwe geldstelsel op die tweede Dinsdag in Februarie 1961 — D-dag (desimalisasie-dag) — sal plaasvind. Tot op daardie datum bly die huidige geldstelsel nog amptelik en selfs vir 'n periode van twee jaar of meer na D-dag parallel met die nuwe geldstelsel bestaan.

Die voorstelle vir die nuwe geld wat gemunt mag word moet verder die aandag geniet. Die kommissie stel voor dat 'n goue eenheid — benaming nog onbekend — gelykstaande aan 10/- en

'n „twee-eenheid” goue munt gelykstaande aan £1 wettiglik gemunt mag word. (Dit sal egter nie beteken dat goue munte in omloop sal kom nie.) Verder word aanbeveel dat silwermunte met die waarde van 50 sent (5/-), vyf sjielings genoem, 20 sent (2/-), 10 sent (1/-) met die offisiële benaming sjieling, 5 sent (6d.) met die benaming $\frac{1}{2}$ -sjieling en $2\frac{1}{2}$ sent (3d.) met die benaming $\frac{1}{4}$ -sjieling, gemunt moet word en in omloop gebring moet word met sowel hulle ou as nuwe waarde daarop.

Dit beteken dat die bestaande munte en note in omloop moet bly en alleen vervang moet word deur nuwes vir sover vervanging vir slytasie en vir toename in die geldvoorraad dit nodig maak. Ook op die nuwe note moet die ou en die nuwe benamings aangedui word.

Ten slotte moet brons-sentmunte geslaan word met dieselfde gewig en grootte as die huidige pennie maar met 'n eie kenmerkende kleur en ontwerp. Dieselfde geld vir half-sentmunte, en indien dit nog nodig geag word om kwart-sentmunte te slaan geld dit ook daarvoor.

Met sommige van die muntbenamings voel ek persoonlik 'n bietjie teleurgesteld. Om die begrip sjieling te behou is op sigself nie verkeerd nie, alhoewel dit verwarrend kan wees met die Engelse sjieling indien die Suid-Afrikaanse of die Engelse geld sou devalueer, maar die gebruik van die sjieling as algemene aanduiding vir bedrae onder 10/- lyk vir my in stryd met die desimale idee. Dit is die plek wat aan die sent toekom. Gebruik van die sent stel ons so ver moontlik probeer om breuke van die hoofteenheid uit te skakel. Verder

ons so ver moontlik probeer om die gebruik van die woord pond te vermy, aangesien een van die voordele van die stelsel maklik deur die aanhoudende gebruik van die £ verlore kan gaan, nl. om voldoende internasionale erkenning vir ons eie geldstelsel te kry.

Iets wat verder teleurstellend is, is die voorstel om ons bronsmunte se grootte en gewig te behou. Die nuwe geldstelsel bied ons 'n gulde kans om

van die lompheid van die bronsmunte ontslae te raak. Gelukkig is die posisie nog nie so benard soos met die 17de- en 18de-eeuse Sweedse kopermunte nie, waar die hoofteenheid 43lb. en die plat (2 dollar) meer as 7 lb. geweeg het nie. Dit lyk asof ons tog maar soos voorheen tevrede sal moet wees dat ons klere afgerem word deur die sente (pennies).

F. J. DU PLESSIS.

P.U. vir C.H.O.
